# JOHANNESBURG EAST DISTRICT

## DISTRIK-EKSAMEN

## GRAAD 10

**AFRIKAANS EERSTE ADDISONELE TAAL**

**VRAESTEL 3**

**JUNIE 2014**

PUNTE: 100
TYD: 2 UUR

**Hierdie VRAESTEL bestaan uit 7 bladsye.**

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

**INSTRUKSIES:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
   - AFDELING A: Opstel. (50 PUNTE)
   - AFDELING B: Langer transaksionele tekste. (30 PUNTE)
   - AFDELING C: Transaksionele, naslaan en informatiewe tekste (20 PUNTE)


2. Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin elke afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou werk beplan (deur bv. die gebruik van 'n breinkaart / diagram / vloeidiagram / sleutel woorde, ens), redigeer en proeflees. Die planning moet voor elke teks verskyn.

   **VOORBEELD:**

<table>
<tr>
<td></td>
<td>LINKERBLADSY<br>BEPLANNING/REDIGERING<br><u>Kan</u> só lyk<br>


Jy kan dan op die bladsy jou foute vebeter / wys voordat jy die stuk oorskryf.</td>
<td></td>
<td>1.2.</td>
<td>REGTERBLADSY<br>FINALE PRODUK<br><br>Byvoorbeeld:<br><br>Die sokkerwêreldbeker</td>
<td></td>
</tr>
</table>

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word en ingehandig word. Dit is raadsaam om 'n streep te trek deur die beplanning.

7. Jy word sterk aangeraai om jou tyd met die beantwoording van elke afdeling as volg te verdeel:

   - 70 minute aan Afdeling A
   - 30 minute aan Afdeling B
   - 20 minute aan Afdeling C.

**AFDELING A: OPSTEL**
**VRAAG 1**

- Kies EEN vraag en skryf 200 – 250 woorde oor die onderwerp.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, bo-aan.

1.1. **Ek het dit nie verwag nie!**



**OF**

1.2. Jy wil aan ‘n Opstelkompetisie deelneem van die ATKV. Die tema van die opstel is: “My vriende”. Die Prysgeld is R1000.



**My troeteldier/e.**

Dink aan die volgende:

- Wat se troeteldiere jy het.
- Hoe jy na jou troeteldiere kyk.
- Hoekom jy van die spesifieke troeteldier/e hou.
- Hoe lank jy al die troeteldiere het.

**OF**

1.3. 

My kamer.

**OF**

1.4. Ek wil baie graag…

**OF**

1.5. **Ek wil graag weet hoekom…**

**OF**

Kies EEN van die volgende visuele tekste. Laat jou gedagtes gaan en skryf **ENIGE LANG OPSTEL** daaroor.

1.6.1.



**OF**

1.6.2.



**OF**

1.6.3.



**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE**
**VRAAG 2**

• Kies EEN vraag en skryf 120 – 150 woorde oor die onderwerp.

2.1. Jou ma het gesê jou vriend / vriendin mag die vakansie saam met julle Warmbad toe gaan. Skryf ‘n VRIENDSKAPLIKE BRIEF om hom / haar uit te nooi.
Jy kan die volgende riglyne gebruik om jou te help:

- Die datums.
- Reëlings oor vervoer.
- Wat julle alles gaan doen.
- Waar julle gaan bly, ens.

**OF**

2.2. Jy en ‘n vriend / vriendin het so pas ‘n DVD gekyk van ‘n TV-reeks (TV Series) wat julle albei baie graag wou sien. Skryf ‘n DIALOOG waarin jy en ‘n vriend / vriendin oor die reeks praat.
Skryf oor dinge soos:

- Die karakters in die reeks.
- Wat gebeur het in die reeks.
- Waarvan jy gehou het / nie gehou het nie.
- Wat jy geleer het uit die reeks.

**OF**

2.3. Skryf ‘n MUSIEKRESENSIE oor ‘n CD waarna jy geluister het. Onthou om dinge in te sluit soos:

- Die naam van die CD.
- Die datum van uitreiking, die produksiemaatskappy en prys.
- Die sanger/s.
- Wat jy van die CD dink.
- ‘n Punt uit 10.

**OF**

2.4. Een van jou gunsteling onderwysers het gesterf en jy is gevra om ‘n iets te skryf wat gedurende die onderwyser se begrafnis gelees gaan word. Skryf ‘n HULDEBLYK oor die onderwyser. Dink aan dinge soos:

- Die naam van die onderwyser.
- Wat die onderwyser vir jou beteken het.
- Wat die onderwyser vir jou skool beteken het.
- Wat die onderwyser vir jou opvoeding beteken het.

**TOTAAL AFDELING B: 30**

**AFDELING C: TRANSAKSIONELE, NASLAAN- EN INFORMATIEWE TEKSTE**
**VRAAG 3**

• Kies EEN vraag en skryf 80 – 100 woorde oor die onderwerp.

3.1. Die hoof van die skool het gesê julle mag ‘n DANSKOMPETISIE hou vir vondsinsameling. Ontwerp ‘n ADVERTENSIE-PLAKKAAT wat jy in die skool kan opsit. Die plakkaat moet die volgende hê:

- Datum, tyd en plek.
- Inskrywingsgeld (Hoeveel die leerders wat wil deelneem gaan betaal)
- Toegangsgeld. (Hoeveel die mense wat wil kyk, gaan betaal.)
- Illustrasies. (Tel nie vir punte nie)
- Addisionele informasie soos die prysgeld, beoordelaars, ens.

**OF**

3.2. Jou niggie moet jou by jou ‘n vriend / vriendin se huis onmoet omdat julle van daar af na ‘n konsert toe gaan. Skryf ‘n SMS in KORREKTE Afrikaans aan jou niggie en gee haar duidelike INSTRUKSIES oor hoe om by jou vriend / vriendin se huis uit te kom.
Hou die volgende in gedagte:

- Die beginpunt waarvandaan die persoon moet vertrek.
- Naamborde / Plekke waarvoor die persoon moet uitkyk.
- Waar die persoon moet links of regs draai of reguit moet gaan.
- Die name van die strate.
- Distansies in meters of kilometers wat jou vriend moet ry.
- Die eindbestemmming.

**OF**

3.3. Jy en ‘n maat was by ‘n fantastiese konsert gewees. Doen ‘n DAGBOEKINSKRYWING oor jou ervarings by die konsert.
Dink aan dinge soos:

- Hoe laat die konsert begin het.
- Die aantal mense wat by die konsert was.
- Hoe lank die konsert geduur het.
- Waar die konsert was.
- Wie opgetree het.
- Die atmosfeer by die konsert, ens.

**TOTAAL AFDELING C: 20**
**VRAESTEL TOTAAL - 100**